# Tafnuus: Oktober 2024

## Beste Tafelberg-Fotografieklub-lede

Die beste nuus om Septembermaand mee af te sluit is dat Tafelberg Fotografieklub die beste in die Wes Kaap op die Impala lys geëindig het. Ons kan nou die lekkerste **en die beste klub** genoem word. Ons is ook 8ste in die land. Dit was lank terug dat die Wes Kaap 'n klub onder die eerste 10 klubs in die land gehad het. Nou is daar twee waarvan ons heel bo is.

Baie geluk Taffies. Dis voorwaar 'n prestasie om op trots te wees. Dankie vir elke lid wat aan PSSA salonne deelgeneem het sodat ons die prestasie kon behaal.

Baie geluk ook aan Christo Giliomee wat in die eerste plek (PDI indiwidu) in die Kaap geëindig het en ook 12 de in die land. Die punte verskil tussen hom en die wat voor hom geëindig het, was baie min. Philip de Lange het derde in die land in die "prints" kompetisie geëindig. Baie geluk ook aan hom.

Baie geluk aan elkeen wat goeie uitslae gekry het. Uit die landwye 628 deelnemers het ons 10 boonste lede soos volg gepresteer: (**Hulle posisie in die Wes Kaap in hakies).**

| | | |
|---|---|---|
| 12 | Christo Giliomee | (1) |
| 62 | Theo Potgieter | (4) |
| 66 | Juliane van Dyk | (5) |
| 67 | Mariana Visser | (6) |
| 80 | Adriaan van Zyl | (8) |
| 107 | Quintus Heine | (11) |
| 109 | Karen van Zyl | (12) |
| 113 | Neels Beyers | (13) |
| 158 | Dixon Norval | (20) |
| 230 | Phillip de Lange | (30) |

Met die prints het ons lede soos volg presteer: Hier is die beste 5 presteerders

| | |
|---|---|
| 3 | Philip de Lange |
| 5 | Mariana Visser |
| 7 | Adriaan van Zyl |
| 11 | Christo Giliomee |
| 12 | Juliana van Dyk |

Hoewel daar nie meer baie kompetisies vir prints is nie, is die deelname daaraan van uiterste belang. Dit is die hoeveelheid gedrukte foto's wat 'n klub verwerf wat op die einde 'n verskil maak in klubs wie se telling baie naby is. Dankie ook vir elkeen wat hier deelgeneem het!

## 1. KLUB PRESTASIE:

### 1.1 **Uitslae van PSSA Salonne (vir 2024-2025 Impala jaar):**

- Die syfers is die aantal aanvaardings wat elkeen ontvang het. **Baie geluk aan elkeen!!!**

| Naam | Witzenberg | Durban |
|---|---|---|
| Neels Beyers | 6 | 1 |
| Andre de Koker | 4 | 3 |
| Phillip de Lange | 1 Brons medalje en 5 | |
| Louise de Lange | 2 Brons medaljes en 3 | |
| Christo Giliomee | 1 Meriete en 6 | 3 Meriete en 10 |
| Niel Goslett | 11 | 1 Medalje en 7 |
| Quintus Heine | 5 | 2 |
| Theo Potgieter | 3 | 2 Meriete en 5 |
| Juliana van Dyk | 8 | 9 |
| Adriaan v Zyl | 1 Silwer medalje en 4 | 6 |
| Karen v Zyl | 3 Meriete en 9 | 4 |
| Mariana Visser | 1 Brons medalje en 4 | 1 Meriete en 3 |

| **Naam** | **PSSA Youth Salon** |
|---|---|
| Antonique Delport | **1** |
| Lizhan Ruschenbaum | **5** |

## 2 WEN-FOTO'S VAN SEPTEMBER 2024- Tema – Vaste kategorie: Wildlewe

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Zebras op pad huis toe – Karen van Zyl**<br>**Wenner: Ope kategorie en Maandwenner** | **Canola 4861: Theo Potgieter**<br>**2de Ope kategorie** |

| | |
|---|---|
|  |  |
| **Lechwe running on water: Adriaan van Zyl**<br>**Wenner: Vaste kategorie** | **Sneak attack 2 – Karen van Zyl**<br>**2de Vaste kategorie** |
|  | |
| **Hesitance- Anre Uys**<br>**Junior Wenner** | |

**Baie geluk aan die Maandwenners!!!!**

## 3. UITSTALLING IN NOVEMBER

**Wes Kaap foto-fees begin 9 November**

Die WCPF se foto-fees begin 9 November by die PJ Olivier Art Centre in Stellenbosch. Paarl Fotoklub is die jaar gasheer. Klubs se inskrywing is beperk tot 20 fotos en ons het 20 lede se fotos ingeskryf. Ons kon ook nie fotos inskryf wat reeds hierdie jaar by die PSSA se interklub kompetisie ingeskryf is nie. Ons wens ons kon almal se fotos inskryf, maar ons is byna 50 in die klub. Die uitstalling begin Saterdag 9 Nov. om 12:00. Ons nooi lede uit om dit asb. by te woon.

## 4. PROGRAM 2024

Die program vir 2024 se kompetisie – en die vaardigheidsaande is op ons webtuiste aangebring. [www.tafklub.co.za](http://www.tafklub.co.za)

## 5 Oktober 2024: BYEENKOMSTE

5.1 **Kompetisie Oktober:**

- Die maand se klubkompetisie is **22 Oktober** en die sluitingsdatum vir inskrywings is **16 Oktober. Die vaste tema is: Menslike portretfotografie (Human Portraits)** en die beoordelaar is **Francois Du Bois.** Onthou dat foto's in die vaste kategorie mag nie ouer as 24 maande wees nie.
  **Definisie:** Let asb. op die definisie hieronder:
  A likeness, personality and mood of a living human where the subject is dominant in the image. Portraiture is not restricted to head and shoulders and may include just a part of the face, a back view or even a full length study.

5.2 **Vaardigheid.** Op **Dinsdag 8 Oktober** gaan ons leer hoe om AV te maak. (Videos) Frank Smith gaan vir ons help en al ons vrae beantwoord hoe ons AV moet maak. Frank het sy LPSSA in AV van die PSSA ontvang en ons sien baie uit na sy gesprek met ons.

- **Let wel dat Oktober se byeenkomste weer by Logos (en Zoom) is en dat daar by Oktobermaand se kompetisie byeenkoms weer prints sal wees. ONS SIEN UIT OM ALMAL DAAR TE ONTVANG**

## 6. MENSLIKE PORTRETFOTOGRAFIE (HUMAN PORTRAITS) IS OKTOBER SE KOMPETISIE TEMA

Hier is 'n paar basiese rigtingwysers:
Menslike portretfotografie is 'n kragtige manier om persoonlikheid en emosie vas te lê. Hier is 'n paar wenke om u te help om pragtige portrette te skep:
**1. Beligting**: Natuurlike lig: Gebruik sagte, verspreide natuurlike lig, soos gedurende die goue uur (vroegoggend of laatmiddag). Kunsmatige lig: Oorweeg dit om sagtebokse of weerkaatsers te gebruik om die lig te versag.
**2. Agtergrond**: Kies 'n eenvoudige, ondeurdringbare agtergrond wat u onderwerp aanvul. Neutrale kleure of teksture kan help om die fokus op die persoon te hou.
**3. Posisie**: Begelei die model om in 'n verskeidenheid van natuurlike, gemaklike posisies te wees. Moedig hulle aan om te ontspan, en probeer verskillende hoeke om te vind wat die beste lyk. Gebruik liggaamstaal; Geringe draaie van die kop of skouers kan diepte toevoeg.
**4. Oë:** Sorg dat die oë skerp en goed belig is. Dit is dikwels die fokuspunt van 'n portret.
5. **Uitdrukking:** Maak goeie kontak met jou model. Praat voordurend met die model en skep momente om om opregte emosies te ontlok. Ontspanne en humoristiese momente lewer dikwels goeie resultate.
6**. Klerekas:** Stel klere voor wat by die persoon se persoonlikheid en die stemming van die skiet pas. Vaste kleurskema of subtiele patrone werk dikwels goed.
7**. Diepte van die veld:** Gebruik 'n groter apertuur (aperture)- (lae F-stop-nommer) om 'n vlak diepte van die veld, te skep. Dit help om u model van die agtergrond te isoleer.
**8. Komposisie:** Eksperimenteer met verskillende komposisies. Die reël van derdes kan 'n goeie riglyn wees, maar moenie bang wees om die reëls vir kreatiewe effek te oortree nie.
**9. Fokus op detail:** Kry naby skote van unieke kenmerke (bv. Hande, gesigsuitdrukkings) om variasie by die foto's te voeg.
**10. Verwerking/editing**: Gebruik redigeringsagteware om kleure, kontras en skerpte te verbeter, maar streef na 'n natuurlike voorkoms.
**Finale wenk:** Neem u tyd! Die opbou van rapport met u onderwerp kan lei tot meer outentieke en impakvolle portrette. Geniet die proses!

- **Beste Portretlense is prime lense tussen 70 tot 135 mm. Jy kan korter Zoom lense binne die afstand ook gebruik. Vir portrette is 'n vinniger lens (ten minste 'n 2.8 f/stop) jou beter keuse.**

## 7. OKTOBER BESTUURSVERKIESING vir 2025:

Hiermee gee ons kennis van 'n spesiale ledevergadering op 22 Oktober 2024 om 19:00 (Net voor die maandkompetisie). Ons gaan met hierdie jaarlikse vergadering die bestuur vir die klub vir 2025 verkies. Volgens ons konstitusie is daar die volgende posisies op die bestuur: Voorsitter. O/voorsitter, Tesourier en sekretaresse. Daar is ook ruimte vir addisionele lede. Die voorsitter moet direk deur die klub verkies word en die ander lede se verantwoordelikhede sal later verdeel word.

Die huidige bestuur bestaan uit 7 lede en hulle het besluit om aan te beveel dat die bestuur in 2025 uit 8 lede bestaan.

Elke volwaardige lid, kan genomineer word vir die bestuur. Indien jy genomineer word moet jy instem tot die nominasie.
Die volgende 8 lede van die klub is deur die bestuur genomineer en hulle het almal ingestem tot die nominasie.

Voorsitter: Juliane van Dyk
Ander lede (7)

- Adriaan van Zyl
- Karen van Zyl
- Hendi Barnard
- Theo Potgieter
- Kathy Smith
- Quintus Heine
- Martie Taljaard

Indien daar nog 'n nominasies is, kan julle dit aan die voorsitter Quintus Heine stuur

**Nota**: Ekself is nie volgende jaar beskikbaar om weer voorsitter te wees nie. Dit is vir my 'n ongelooflike voorreg om voorsitter van Tafklub te wees, maar dit is altyd goed vir 'n klub as die voorsitter verwissel. Ek is beskikbaar om weer op die bestuur te dien.

## 8. JAARAFSLUITING:

Ons jaarafsluiting is 30 November 2024. Ons sal binnekort meer inligting hieroor deurgee. Dit is ook ons die geleentheid vir ons jaarlikse prysuitdeling en ons eie salon toekennings. Merk die dag in jou dagboek.

## 9. LAASTENS

*My wense is dat elke lid van Tafklub die maand sy/haar se passie vir fotografie sal uitleef!!! Neem jou kamera oral saam en neem al die mooi af! Dit sal jou gelukkig maak.*

*Mooi Loop!*

**Quintus Heine**